# 2023 Voorgeskrewe letterkunde Graad 12

## Gedig 2: Ken jy die see … – Uys Krige

*Verskuns* vir Eerste Addisionele Taal, bladsy 49-52

KONSEP



# Gedig 2. Ken jy die see – Uys Krige

1. Digvorm
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming

Aktiwiteit 2

# 1. Digvorm

Die gedig, *Ken jy die see*, kan as ’n monoloog/alleenspraak beskou word waar die visserman met ’n afwesige man/koper praat.

Die gedig is ook ’n ballade wat bestaan uit ’n kwatryn gevolg deur ’n refrein. Kruisrym kom in die kwatryne voor.

# 2. Analise

1. Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?
2. Hy lyk nou soos jou voorstoep blinkgeskuur
3. en kalm soos min dinge hier benee,
4. maar hy's gevaarliker as vlam of vuur.

5. Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.




www.shutterstock.com · 1733625377

Refrein
r. 5: herhaling van dieselfde frase  ter wille van beklemtoning in reëls 5, 20, 25, 30, 35 en 40.

r. 1: Herhaling van die frase "Ken jy die see" beklemtoon die bedrieglikheid van die see. Gebruik van kommas voor en na "Meneer" is om die woord uit te hef.
Dié reël herhaal weer in versreël 31

r. 2-3: Die see word vergelyk met jou voorstoep wat blinkgeskuur is.
Enjambement: reël 2 gaan oor in reël 3 sonder die gebruik van leestekens.
Die woord "benede (onder) word verkort na "benee" om te pas by die rymskema.

r. 4: ''maar" dui teenstelling aan.
Elisie: die woord "hy's" moet wees - hy is - word gebruik ter wille van ritme.
Metafoor: die see word vergelyk met "vlam of vuur".

6. **Dié vrede, kalmer as ’n stil, soet kind,**
7. **lyk of dit dae, dae lank sal duur.**
8. **Maar word dié bries ’n bulderende wind,**
9. **dan veg jy vir jou lewe, uur na uur.**

10. **En *jy* sê nog, Meneer, die vis is duur.**





www.shutterstock.com · 1259645182

r. 6: Metafoor verwys na die vrede wat die visserman het wat ‘’stil, soet” soos die kind is.

r. 7: Herhaling van “dae” verwys na hoe lank die vrede sal duur.
“**d**ae, **d**uur” – alliterasie van die d-klank.

r. 8: Die woord “Maar” dui op die kontras tussen die kalmte van die see teenoor die bedrieglikheid van die see. Herhaling van die b-klank (alliterasie) dui op die eksplosiewe klank van die geweldige branders. Ook: wending

r. 9: Die langdurige geveg tussen die visserman en die see word hier uitgebeeld.

r. 10: Die woord “jy” is kursief om te beklemtoon dat die visserman met die spesifieke meneer praat.
Hierdie reël herhaal weer in reël 15.

**11. Ja, sleep die swart, swart wind die swart nag mee,**
**12. waar kry ons hulp dan, waar’s ons naaste buur?**
**13. Die Dood staan voor die deur. Gee hy nog net één tree,**
**14. dan kelder hy ons almal in sy koue skuur.**

**15. En *jy* sê nog, Meneer, die vis is duur.**

r. 11: Alliterasie van die s-klank.
Die “swart wind” verwys na die suidooster wat stormagtig is. Die wind is onheilspellend.

r. 12: Retoriese vraag - hulp kan slegs van God tydens ŉ storm op die oopsee kom. Verwys ook na die teks in die Bybel: Waar kom ons hulp vandaan?(Psalm 121 vers 1)
“buur” verwys na ŉ buurman wat baie onwaarskynlik op die see aangetref sal word.
Elisie - “waar’s” verwys na **waar is.** Elisie word gebruik ter wille van rympatroon en ritme in die gedig.

r. 13: “Dood” word ŉ persoon in die reël. Dit impliseer dat dit baie gevaarlik op die see is.
Alliterasie van die d-klank bevestig/wys hoe naby die dood is.
Akuuttekens op “één” beklemtoon hoe naby die dood is.

r. 14: Die dood vernietig almal wat met hom in aanraking kom.

r. 15: Hierdie reël word herhaal.

16. Wat van die storms wat nooit ophou raas?
17. Jy sit pal in jou kliphuis, klam en guur,
18. en hoor die wind al woester, wreder blaas.
19. En daar's geen sprokkel hout meer vir jou vuur.

20. Dan sê *jy* nog, Meneer, die vis is duur.

r. 16: Retoriese vraag

r. 17-18: Alliterasie van die k-klank en beklemtoon die ongemak van die huisie waarin hulle moet bly omdat hulle nie geld het nie. Alliterasie van die w-klank beklemtoon die klank van die wilde,woeste wind.

r. 19: Elisie: die woord "daar's" moet wees - daar is - word gebruik ter wille van ritme. "Sprokkel" verwys na 'n droë stukkie tak. Al die hout op die boot is nat a.g.v. die geweld van die wind op die see.

r. 5 en 20: Hierdie versreël word herhaal.

21. Was jy al van jou bootjie soos 'n veer gevee
22. deur 'n grys golf hoog soos 'n tronk se muur.
23. Wat help dit om te spartel en te skree: "Nee! Nee!"
24. sluk jy eers daardie waters sout en suur?

25. Dan sê *jy* nog, Meneer, die vis is duur.

r. 21-22: Vergelyking - jy word afgegooi van die bootjie soos 'n veer.
Assonansie van die oo-klank asook die ee-klank kan dui op die vee-aksie wat die beweging van die wind voorstel.
Enjambement – stel beweging voor.
Alliterasie – g-klank
Vergelyking van die golf met 'n tronk se muur.

r. 23: Retoriese vraag - 'n visserman het geen krag teen die natuur se mag nie. Dus sal dit nie help om te spartel en skree nie.

r. 24: Die aksie wat plaasvind as die visserman sukkel op die boot in die stormwater. Alliterasie van die s-klank beklemtoon dat die seewater sleg is.

r. 25: Hierdie frase word herhaal.



26. Ken jy die doodsangs as die **rukwind klap**?
27. Dié waansin ken geen redmiddel of **kuur**.
28. Hy vreet mos aan jou ingewande nes ŉ krap.
29. Hy's **koud soos ys**, **heet soos** die **hellevuur**!

30. **Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur**.

r. 26: personifikasie: die rukwind klap


shutterstock.com · 1119120377

r. 27: "kuur" verwys na medisyne of genesing.
"Waansin" verwys na die situasie waar die vissermanne nie weet wat om te doen nie. Hulle is mal/onverantwoordelik om hulle lewens op die see te waag.

r. 28: Die dood eet aan jou binnegoed net soos ŉ krap.

r. 29: Kontras/teenstelling - "koud" teenoor "hellevuur".
Vergelyking van "hy"(see) wat so "koud soos ys" is asook die wind wat met vuur vergelyk word.

r. 30: Hierdie versreël word herhaal.

31. Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?
32. Hy wat met groen jaloerse oë na ons gluur,
33. ons wat net één ou misstappie moet gee
34. en hy kom tromp-op op ons afgestuur!

35. Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

r. 31: herhaling van reël 1 beklemtoon die bedrielikheid van die see.

r. 32: “groen jaloerse oë” kan dui op die idioom naamlik groen van jaloesie.

r. 33-34: As die vissermanne een fout begaan, gaan die golf met hom afreken.
Enjambement dui op die aksie van die golf wat “tromp-op op ons afstuur.”

r. 35: Hierdie versreël word herhaal om die impak van die werk van die visserman(ne) te beklemtoon. Dit is lewensgevaarlike werk.

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

36. Sien jy die krom ou vroutjie daar, mevrou Mathee,
37. wat telkens ver, vér oor die golwe tuur?
38. Sy dink dié briesie bring haar seuns betyds vir tee.
39. Hul slaap aldrie agter die kerkhofmuur.

40. Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur ...

r. 36: Assonansie van die ou-klank beklemtoon hoe oud sy is.

r. 37: Herhaling van die woord "ver" beklemtoon dat sy oor 'n lang afstand staar/tuur.

r. 38: Mevrou Mathee hoop dat haar seuns sal kom tee drink.

r. 39: Drie van haar seuns is dood terwyl hulle gaan visvang het op die see.
Slaap is die vermensliking van die dood. Dit is ook 'n eufemisme wat die dood versag.
Die hoogtepunt van die gedig is dat die see gevaarlik is en mense se lewens neem.

r. 40: Herhaling van versreël 35. Ellips kom voor aan die einde van die gedig om die "Meneer" se aandag te vestig op die moeilike lewe van 'n visserman.
Ons onkunde van ander mense se situasies word in die herhaling van "**Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur …** beklemtoon.

# Opsomming

- Die visserman is ongelukkig met die voornemende viskoper wat hy as “Meneer” aanspreek. Hy vertel hierdie “Meneer” van die gevare waarmee vissermanne daagliks te doen kry om vars vis op die tafel te sit en dan kla “Meneer” dat die vis duur is.
- Die gedig kan as **alleenspraak** gesien word waar die visserman ’n gesprek voer. Daar is ook progressie in die gedig waar die see eers as kalm beskryf word en dan verander na ’n see wat mense se dood veroorsaak.

# 3. Boodskap en tema

**Tema:** Elke mens moet besef dat die lewe duur is, veral die lewe van ŉ visserman. Die see dui ook op die wyse waarop die lewe die mens hanteer, soms rustig en soms stormagtig. Dit gaan ook oor die onbetrokkenheid van diegene wat nie regtig deel van die proses is nie. Mens kla maklik as jy nie self met iets moes sukkel nie.

**Boodskap:** Die mens moet nooit die natuur onderskat nie. Dit gaan meer oor die interaksie tussen visserman wat wel weet en koper wat afsydig staan.

# 3. Beeldspraak en stylfigure

1. Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?
2. Hy lyk nou soos jou voorstoep blinkgeskuur
3. en kalm soos min dinge hier benee,
4. maar hy's gevaarliker as vlam of vuur.
5. Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

r. 1: **Herhaling** om die vraag te beklemtoon.

r. 2: **Vergelyking** van die see met 'n voorstoep.

r. 4: **Elisie**: Die woord "hy's" moet wees **hy is** en word gebruik ter wille van ritme.
**Metafoor**: Die see word vergelyk met "vlam of vuur".

r. 5: "vis is duur" word **herhaal** in die gedig.

6. Dié vrede, kalmer as ’n stil, soet kind,

7. lyk of dit dae, dae lank sal duur.

8. Maar word dié bries ‘’n bulderende wind,

9. Dan veg jy vir jou lewe, uur na uur.

1




www.shutterstock.com · 772649248

r. 6: **Metafoor** verwys na die vrede wat die visserman het wat soos die die vreemdsaamheid van ’n “stil, soet kind” is.

“**s**til, **s**oet”- die alliterasie van die s-klank verwys na klanknabootsing van die see se geruis.

r. 8: “Maar” dui op die **kontras** tussen die kalmte van die see teenoor die bedrieglikheid/ gevaar van die see.

r. 5 en 10: **Herhaling** Beklemtoon “Meneer” se stelling.

**11. Ja, sleep die swart, swart wind die swart nag mee**

**12. waar kry ons hulp dan, waar's ons naaste buur?**

**13. Die Dood staan voor die deur. Gee hy nog net één tree, dan**

**14. kelder hy ons almal in sy koue skuur**

**15. En *jy* sê nog, Meneer, die vis is duur.**

r. 13: **Personifikasie**
"Dood" word 'n persoon in die reël (personifikasie). Dood word as eienaam gebruik.

r. 14: **Personifikasie:**
Die dood vang ons.

r. 5,10: en 15: **Herhaling**
Beklemtoon "Meneer" se stelling.

16. Wat van die storms wat nooit ophou raas?

17. Jy sit pal in jou kliphuis, klam en guur,

18. en hoor die wind al woester, wreder blaas.

19. En daar's geen sprokkel hout meer vir jou vuur.

20. Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

r. 16: **Retoriese vraag**

r. 17-18: **Alliterasie van k-klank en w-klank**

r. 19: **Personifikasie**
"Dood" word personifieer in die versreël. Dood word as eienaam gebruik.
"Dood" staan, gee één tree en kelder.

r. 5, 10, 15 en 20: **Herhaling**
Beklemtoon "Meneer" se stelling.

**21. Was jy al van jou bootjie soos ’n veer gevee**

**22. deur ’n grys golf hoog soos ’n tronk se muur.**

**23. Wat help dit om te spartel en te skree: "Nee! Nee!”**

**24. sluk jy eers daardie waters sout en suur?**

***25. Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.***




r. 21**: Vergelyking** - jy word soos ’n veer van die bootjie afgegooi. Beklemtoon dat die see baie magtig is.
r. 22: Vergelyking van die golf met ’n tronk se muur.

r. 23: **Retoriese vraag** - ’n visserman het geen krag teen die natuur se mag nie. Dus sal dit nie help om te spartel en skree nie.

**r.** 5, 10, 15, 20 en 25: **Herhaling**
Beklemtoon “Meneer” se stelling.

26. **Ken jy die doodsangs as rukwind klap?**

r. 26**: Personifikasie** - rukwind klap beklemtoon die angs wat die vissermanne ervaar.

27. **Dié waansin ken geen redmiddel of kuur.**

28. **Hy vreet mos aan jou ingewande nes ’n krap.**

r. 28**: Personifikasie** – die dood “vreet” aan jou. **Vergelyking** - waansin word vergelyk met ’n krap.

29. **Hy’s koud soos ys, heet soos die hellevuur!**

r. 29**: Kontras/teenstelling** - “koud” teenoor “hellevuur.” **Elisie** - “Hy’s” moet wees **hy is**. Gebruik elisie ter wille van ritme in die gedig. **Vergelyking** van “hy” wat so “koud soos ys” is en “hy” wat so warm soos vuur is.

30. **Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.**

r. 5, 10, 15, 20, 25 en 30: **Herhaling:** Beklemtoon “Meneer” se stelling.

31. Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?

r. 1 en 31 **Herhaling:** Beklemtoon "Meneer" se stelling.

32. Hy wat met groen jaloerse oë na ons gluur.

r. 32**:** "groen jaloerse oë" kan dui op **die idioom** naamlik groen van jaloesie = figuurlike taal.

33. ons wat net één ou misstappie moet gee

34. en hy kom tromp-op op ons afgestuur!

r. 33-34: As die vissermanne een fout begaan, gaan die golf met hom afreken. Enjambement dui op die aksie van die golf wat reguit op ons afstuur.

35. Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

r. 5, 10:, 15, 20, 25, 30 en 35: **Herhaling:** Beklemtoon "Meneer" se stelling.

36. Sien jy die krom ou vroutjie daar, mevrou Mathee,

37. wat telkens ver, vér oor die golwe tuur?

38. Sy dink dié briesie bring haar seuns betyds vir tee.

39. Hul slaap aldrie agter die kerkhofmuur.

40. Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur...

r. 36-37**:** Assonansie van die ou-klank.
Herhaling van die woord "ver" beklemtoon dat sy oor 'n lang afstand staar.
Hoogtepunt/klimaks van die gedig is dat mevrou Mathee "vér oor die golwe tuur?"
Retoriese vraag: daar word van niemand verwag om die vraag te beantwoord nie.

r. 39: **Eufimisme:** Slaap is 'n versagting van die dood.
Die drie seuns is dood – in hulle grafte.

r. 38: **Personifikasie:**
Mevrou Mathee dink dat haar seuns sal kom tee drink.

r. 5, 10, 15, 20, 25, 30, 35 en 40: **Herhaling:**
Beklemtoon "Meneer" se stelling.

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

# 5. Toon en stemming

Die **toon** is morbied, hartseer en treurig a.g.v. die see wat gee en neem. Die vissermanne kry vis en ŉ inkomste uit die see, maar die see neem soms die lewe van ŉ visserman in die proses.

Die **stemming** is dus ook hartseer en ongelukkig.

# Aktiwiteit 2

Voltooi aktiwiteit 2 in die Studiegids: *Verskuns* vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal, Graad 12 EAT Voorgeskrewe teks.

Lees die gedig weer deur en beantwoord die vrae

2.1 Benoem die strofebou in strofe 2. (1)

2.2 "Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur." (reël 5, 20, 25, 30, 35 en 40)

Wat noem ons hierdie herhaling? (1)

2.3 "maar hy's gevaarliker as vlam of vuur" (reël 4)

Benoem die halfrym in dié reël. (1)

2.4 Waarom word dood in strofe 5 met 'n hoofletter geskryf ? (1)

# Aktiwiteit 2

| | |
|---|---|
| 2.5 “Was jy al van jou bootjie soos ŉ veer gevee” (reël 21)<br>Benoem die beeldspraak. | (1) |
| 2.6 Gee ŉ voorbeeld van kontras uit die gedig. | (2) |
| Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte letter (A-D) langs die vraagnommer (2.7) neer.<br>2.7 “Hy vreet mos aan jou ingewande nes ŉ krap.” (reël 28)<br>Dit is ŉ voorbeeld van ...<br>A ŉ metafoor.<br>B ŉ vergelyking.<br>C elisie.<br>D enjambement. | (1) |

# Aktiwiteit 2

| | | |
|---|---|---|
| 2.8 | Wat is die tema in die gedig? | (2) |
| 2.9 | Waarom “tuur” mevrou Mathee oor die golwe? (reël 37) | (1) |
| 2.10 | Dink jy die visserman het rede om omgekrap te wees met Meneer? Motiveer jou antwoord. | (1) |
| 2.11 | Na wie verwys “jy” in reël 40? | (1) |
| 2.12 | Watter twee OPEENVOLGENDE woorde in reël 32 het dieselfde betekenis? | (1) |
| 2.13 | Kies die korrekte antwoord tussen hakies.<br><br>Die funksie van die ellips in versreël 40 is (om jou gedagtes te laat gaan/die storie te vertel). | (1) |
| 2.14 | “Hul slaap aldrie agter die kerkhofmuur.” (reël 39)<br><br>Watter stylfiguur word in die versreël gebruik? Wat beteken die reël? | (2) |
| | | **[17]** |

# Bronverwysing na foto's en prente

- Skyfie 4: https://www.shutterstock.com/image-vector/ocean-surface-sea-vector-illustration-600w-1733625377.jpg
- Skyfie 5: https://www.shutterstock.com/image-vector/harsh-ocean-large-sea-waves-drawing-1814811491
- Skyfie 5: https://www.shutterstock.com/image-photo/freshly-caught-fish-pike-lying-600w-1259645182.jpg
- Skyfie 8: https://www.shutterstock.com/image-photo/sailing-old-ship-storm-sea-600w-1686249253.jpg
- Skyfie  9: https://www.shutterstock.com/image-photo/stormy-sea-weather-600w-1119120377.jpg
- Skyfie 14: https://www.shutterstock.com/image-photo/homecoming-tired-fishermans-ships-approaching-600w-772649248.jpg
- Skyfie 17: https://www.shutterstock.com/image-photo/photo-shows-plate-several-fresh-600w-2022715604.jpg

Every child is a National Asset

# Dankie.

www.education.gov.za

Facebook: DBE SA
Twitter: @DBE_SA

Callcentre@dbe.gov.za
Callcentre: 0800 202 933